Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 50/04

Datum verhoor: 2005-09-05
Datum gelewer: 2005-09-09

In die appél van:

**ELIAS NEL** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* MOLWANTWA WnR

## UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die appellant is skuldig bevind aan moord op sy aangebode pleit van skuldig soos vervat in 'n skriftelike pleitverduideliking kragtens die bepalings vervat in artikel 112(2) van die Strafproseswet, nr. 51 van 1977. Hy is toe 'n vonnis van 15 jaar gevangenisstraf opgelê, aangesien die streeklanddros tot die bevinding gekom het dat daar geen wesenlike en dwingende omstandighede bestaan wat afwyking van die minimumvonnis voorgeskryf in artikel 51 van die Strafregwysigingswet, nr. 105 van 1997, regverdig nie. Die appellant kom nou in hoër beroep teen hierdie opgelegde vonnis.

2. Die feitebasis waarop die appellant skuldig bevind is, soos vervat in sy pleitverduideliking, welke feitebasis aanvaar is deur die Staat, is kortliks as volg:

2.1 Die appellant en die oorledene (sy eggenote) het die dag van die voorval heelwat drank ingeneem, insluitende brandewyn, bier en "brousel" (klaarblyklik 'n tipe goedkoop, tuisgemaakte alkoholiese drank). Soos verwag kan word, was beide van hulle sterk onder die invloed van drank toe hulle uiteindelik gaan slaap het. Dit blyk ook uit dié pleitverduideliking dat die oorledene telkens die inisiatief geneem het dié dag om drank by die onderskeie drinkplekke te bekom.

2.2 Hulle het gaan slaap en laat daardie nag het die oorledene vir die appellant wakker gemaak en daarop aangedring dat hulle nog drank moes gaan koop. Die appellant het geweier en was kwaad dat die oorledene hom daarvoor wakker gemaak het. 'n Woordewisseling het toe tussen die twee ontstaan en hulle het ook met mekaar begin stoei. Luidens die pleitverduideliking het die oorledene met beide die woordewisseling en stoeiery begin.

2.3 Op 'n stadium tydens die stoeiery het die appellant waargeneem dat die oorledene in besit was van 'n skaapskêr waarmee sy hom wou steek. Hy het daarin geslaag om die

skaapskêr van die oorledene weg te neem en het in 'n woedebui haar agt keer daarmee gesteek.

2.4 Die oorledene het aan dié steekwonde beswyk. Ná die voorval het die appellant na die polisiestasie gehardloop en die voorval gaan aanmeld. Daarna het hy in die veld gaan wegkruip tot die volgende oggend ten einde te ontkom aan die oorledene se familie se woede.

3. Die appellant was ten tyde van vonnisoplegging 32 jaar oud, hy en die oorledene het twee kinders van 4 en 2 jaar oud en verder het hy ook 'n kind van 12 jaar uit 'n vorige verhouding. Hy was werksaam op 'n plaas buite Petrusville as arbeider waar hy R150.00 per week verdien het. Hy het een vorige veroordeling vir verkragting gehad waarvoor hy gevonnis is tot lyfstraf twaalf jaar voor die onderhawige voorval. Verder blyk dit uit 'n nadoodse verslag wat ingehandig is dat die oorledene se bloedalkohol inhoud 0.25 gram per 100 ml was.

4. In haar uitspraak het die streeklanddros groot klem gelê op:

4.1 Die "brutale" wyse waarop die oorledene aangerand is; en

4.2 die veelvuldige voorkoms van die misdryf; en

4.3 die voorgeskrewe minimumvonnis en die Wetgewer se *ratio* daarvoor.

5. Ek is dit eens met Mnr. Van Vuuren namens die appellant dat die landdros gefouteer het deur te bevind dat hier nie wesenlike en dwingende omstandighede bestaan nie. Na my mening stel die

volgende faktore kumulatief gesien, wel sodanige wesenlike en dwingende omstandighede daar:

a) Die appellant se dronkenskap gepaardgaande met die provokasie komende vanaf die oorledene;

b) die appellant se onbetwiste opregte berou, wat vergestalt is in die feit dat hy dadelik die voorval by die polisie gaan aanmeld het en ook in sy pleit van skuldig;

c) die feit dat die oorledene op die aanvaarde feitebasis vervat in die pleitverduideliking, deurgaans die aggressor was dié aand – eers met die stryery, toe met die stoeiery en uiteindelik met die gepoogde aanval met die skaapskêr.

6. Bowendien en in elk geval is ek die mening toegedaan dat hierdie Hof op appél kan inmeng met die opgelegde vonnis, aangesien die dispariteit tussen die vonnis wat opgelê is en dié wat ons sou oplê só groot is dat die opgelegde vonnis inderdaad as skokkend onvanpas aangemerk kan word.

Vergelyk in dié verband die *dictum* van Marais AR in **S v Malgas** 2001(1) SASV 469 (HHA) te 478 f-h:

"However, even in the absence of material misdirection, an appellate court may yet be justified in interfering with the sentence imposed by the trial court. It may do so when the disparity between the sentence of the trial court and the sentence which the appellate Court would have imposed had it been the trial court is so marked that it can properly be described as 'shocking', 'startling' or 'disturbingly inappropriate'. It must be emphasised that in the

latter situation the appellate court is not at large in the sense in which it is at large in the former. In the latter situation it may not substitute the sentence which it thinks appropriate merely because it does not accord with the sentence imposed by the trial court or because it prefers it to that sentence. It may do so only where the difference is so substantial that it attracts epithets of the kind I have mentioned. No such limitation exists in the former situation."

7. By die oorweging van 'n gepaste vonnis hierin, is ek die mening toegedaan dat daar deeglik in ag geneem moet word dat die misdryf in gesinsverband teenoor die appellant se eie wederhelf gepleeg is. Geweld teen vroue en kinders neem onrusbarende afmetings aan in ons land en die howe is pligsgebonde om sterk daarteen standpunt in te neem by vonnisoplegging. Aan die anderkant weer, moet tog deeglik rekening gehou word met die unieke omstandighede van hierdie saak – dit is na my mening hoogs onwaarskynlik dat die appellant weer só 'n tipe misdryf in die toekoms sal pleeg. Hierdie voorval het gemanifesteer na 'n ongelukkige sameloop van omstandighede.

8. 'n Vergelyking van die onderhawige feitesituasie met dié in **S v Roberts** 2000(2) SASV 522 (HHA), aangehaal in die betoogshoofde deur Me. Van Dyk namens die Staat, kan van aansienlike nut wees by die oorweging van 'n gepaste vonnis hierin. In die voormelde saak het die appellant sy vrou verwurg, haar liggaam eers versteek en toe begrawe vir ses maande terwyl hy gedurende dié tydperk voorgegee het dat hy glad nie weet waar sy was nie. Toe dit later geblyk het dat beplande opgrawings noodwendig daartoe sou lei dat die oorledene se liggaam gevind sal word, het hy in 'n nota aan

sy broer openbaar waar die oorledene begrawe is. Die appellant het dit aan sy broer oorgelaat om te besluit of hy dié inligting wou bekend maak en of hy die betrokke plek wou bedek met plaveisel ten einde die vind van die lyk te voorkom. Die appellant het darem ook 'n duidelike aanduiding gegee van hoe hy graag wou hê sy broer moes besluit, deur 'n bedrag van R1000.00 aan te bied as bydrae tot die plaveisel.

9. Die morele laakbaarheid van die daad van die appellant in **Roberts** se saak is ongetwyfeld soveel meer as dié in die onderhawige saak. Verbasend genoeg is Roberts slegs ten volle opgeskorte gevangenisstraf van 15 jaar opgelê tydens sy verhoor. Die Staat was tereg erg beswaard daaroor – vandaar die appél na die Hoogste Hof van Appél. In laasvermelde Hof is 'n vonnis van sewe jaar gevangenisstraf die appellant opgelê. Marais AR het tereg in sy uitspraak gewys op die veelvuldigheid van gesinsgeweld in ons land.

10. Die voormelde vonnis in die **Roberts**-saak illustreer na my mening treffend die skokkende onvanpastheid van die opgelegde vonnis in die onderhawige geval. Na my mening sal 'n vonnis van 8 jaar gevangenisstraf meer gepas wees in die omstandighede van hierdie saak.

11. Ek reik die volgende bevel uit:

11.1 Die appellant se opgelegde vonnis van 15 jaar gevangenisstraf word tersyde gestel en vervang met 8 (agt) jaar gevangenisstraf.

**11.2 Ingevolge die bepalings vervat in artikel 282 van die Strafproseswet, nommer. 51 van 1977, word die vonnis teruggedateer tot 31 Julie 2003.**

______________

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**BC MOLWANTWA**
**WAARNEMENDE REGTER**

NAMENS APPELLANT : MNR. D. JANSE VAN VUUREN
NAMENS RESPONDENT : ADV. E. VAN DYK

DATUM VAN VERHOOR : 5 SEPTEMBER 2005
DATUM VAN UITSPRAAK :